(20) Subdivision 1 of Lot 6;
(21) Subdivision 171 (a subdivision of 170);
(22) the remainder of 172 (a subdivision of 170);
(23) Subdivision 179 (a subdivision of 172);
(24) the remainder of Subdivision 170 of Portion 169 (Drumclog);
(25) Subdivision 181 (a subdivision of 169) (Drumclog);
(26) Subdivision 182 (a subdivision of 169) (Drumclog);
(27) Subdivision 186 (a subdivision of 169) (Drumclog);
(28) Subdivision 187 (a subdivision of 169) (Drumclog);

all portions of the farm Slang Spruit 1448, measuring 256,0975 hectares, as shown on diagrams approved by the Surveyor-General and attached to Deeds of Transfer 7484/1964, 9668/1962, 7567/1962, 10869/1963, 4525/1963, 3062/1963, 9079/1962, 9397/1963, 7575/1962, 7168/1962, 7415/1962, 7421/1962, 6752/1962, 8572/1962 and 2889/1963.

No. 643 28 Maart 1980

RAAD VIR DIE HERVESTIGING VAN SWARTES.—SAMESTELLING

Dit het die Staatspresident behaag om kragtens artikel 3 (1) en (2) van die Wet op die Hervestiging van Swartes, 1954 (Wet 19 van 1954), die volgende persone aan te stel en aan te wys as onderskeidelik voorsitter, lid en plaasvervangende lid van die Raad vir die Hervestiging van Swartes:

Voorsitter	*In die plek van*
Mnr. Johannes Chasparus Knoetze	Mnr. Hermanus Philippus Potgieter Mulder.
Lid	
Mnr. Johannes Chasparus Knoetze	Mnr. Hermanus Philippus Potgieter Mulder.
Mnr. Louis Gerhardus Kok	Mnr. Matheus Gerhardus Lötter en Mnr. Willem Francous Haarhoff Fourie.
Plaasvervangende lid	
Mnr. Sarel Francois Malan	

DEPARTEMENT VAN WATERWESE

No. 574 28 Maart 1980

BRANDRIVIER - STAATSWATERBEHEERGEBIED, AFDELINGS LADISMITH EN RIVERSDAL, KAAPPROVINSIE. — BEHEER OOR DIE ONTTREKKING EN GEBRUIK VAN OPENBARE WATER VIR LANDBOUDOELEINDES INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 62 VAN DIE WATERWET, 1956 (WET 54 VAN 1956), TEN OPSIGTE VAN DIE GEDEELTE VAN DIE STAATSWATERBEHEERGEBIED WAT STROOM OP VAN DIE MIERTJIESKRAALDAM GELEË IS —BEPALING KRAGTENS ARTIKEL 62 (2) VAN DIE WATERWET

1. (a) In my hoedanigheid van Minister van Waterwese bepaal ek, Abraham Jacobus Raubenheimer, hierby kragtens artikel 62 (2) (a) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), dat, met ingang van die datum van publikasie hiervan, die maksimum omvang van die grond wat deel uitmaak van enige stuk oewergrond aan die Brandrivier of sy takriviere in die gedeelte van die Brandrivier-staatswaterbeheergebied stroom op van die Miertjieskraaldam, wat afsonderlik geregistreer is in die kantoor van die Registrateur van Aktes op die datum van beheerdverklaring, naamlik 10 Mei 1968 of 23 Oktober 1970, welke datum ook al van toepassing is, en wat met openbare water besproei kan word, die oppervlakte is wat op die datum van publikasie van hierdie kennisgewing wettig en voordelig met openbare water besproei word, of 'n oppervlakte van 25 hektaar, watter oppervlakte ook al die grootste is.

(b) Voorts bepaal ek kragtens artikel 62 (2) (b) van gemelde Wet dat die maksimum hoeveelheid water wat, indien beskikbaar, uit die Brandrivier en sy takriviere geneem en vir landboudoeleindes gebruik kan word, 6 100 kubieke meter per hektaar soos vir permitdoeleindes erken, per jaar is, wat voldoende is vir 'n netto toediening van 610 millimeter per jaar, en dat voorsiening vir individuele of gesamentlike opgaring binne of buite die beddings van die takriviere van die Brandrivier tot 'n maksimum van 7 300 kubieke meter per hektaar soos vir permitdoeleindes erken, verdampingsverliese ingesluit, gemaak kan word: Met dien verstande dat, afgesien van die vervanging van bestaande waterwerke, geen nuwe opgarings- of uitkeringswerke of vergroting van sodanige bestaande waterwerke in die bedding van die Brandrivier self toegelaat sal word nie.

No. 643 28 March 1980

BLACK RESETTLEMENT BOARD.—CONSTITUTION

The State President has been pleased to appoint and designate, in terms of section 3 (1) and (2) of the Black Resettlement Act, 1954 (Act 19 of 1954), the following persons Chairman, member and alternate member respectively, of the Black Resettlement Board:

Chairman	*Vice*
Mr Johannes Chasparus Knoetze	Mr Hermanus Philippus Potgieter Mulder.
Member	
Mr Johannes Chasparus Knoetze	Mr Hermanus Philippus Potgieter Mulder.
Mr Louis Gerhardus Kok	Mr Matheus Gerhardus Lötter and Mr Willem Francous Haarhoff Fourie.
Alternate member	
Mr Sarel Francois Malan	

DEPARTMENT OF WATER AFFAIRS

No. 574 28 March 1980

BRAND RIVER GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DIVISIONS OF LADISMITH AND RIVERSDALE, CAPE PROVINCE.—CONTROL OVER THE ABSTRACTION AND USE OF PUBLIC WATER FOR AGRICULTURAL PURPOSES IN TERMS OF SECTION 62 OF THE WATER ACT, 1956 (ACT 54 OF 1956), IN RESPECT OF THAT PORTION OF THE GOVERNMENT WATER CONTROL AREA SITUATED UPSTREAM OF THE MIERTJIESKRAAL DAM—DETERMINATION IN TERMS OF SECTION 62 (2) OF THE WATER ACT

1. (a) In my capacity as Minister of Water Affiars, I, Abraham Jacobus Raubenheimer, hereby determine, in terms of section 62 (2) (a) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), that as from the date of publication hereof the maximum extent of the land that forms part of any piece of land riparian to the Brand River or its tributaries in that portion of the Brand River Government Water Control Area upstream of the Miertjieskraal Dam, as registered separately in the Office of the Registrar of Deeds on the date of proclamation, namely 10 May 1968 or 23 October 1970, whichever date is applicable, and which may be irrigated with public water, is that area which is being lawfully and beneficially irrigated on the date of publication of this notice, or an area of 25 hectares, whichever area is the larger.

(b) I determine further, in terms of section 62 (2) (b) of the said Act, that the maximum quantity of water, if available, which may be abstracted from the Brand River and its tributaries and used for agricultural purposes is 6 100 cubic metres per hectare, as acknowledged for permit purposes, per annum, which is sufficient for a net application of 610 millimetres per annum, and that provision may be made for individual or joint storage within or outside the beds of the tributaries of the Brand River to a maximum extent of 7 300 cubic metres per hectare as acknowledged for permit purposes, evaporation losses included: Provided, however, that except for the replacement of existing water works no new storage or diversion works or any enlargement of such existing water works will be allowed in the bed of the Brand River itself.

2. 'n Permit vir die onttrekking en opgaring van die hoeveelheid openbare water wat elke oewereienaar gedurende die tydperk van 12 maande wat die datum van publikasie van hierdie kennisgewing voorafgegaan het, wettig onttrek en voordelig vir landboudoeleindes gebruik het, sal ingevolge artikel 62 (1) (b) van gemelde Wet uitgereik word op anvraag en ná indiening van 'n ingevulde opnamevorm [Vorm DW 684 (a)], waarop onder andere die volledige aktebeskrywing(s) van sy eiendom(me) soos dit op die datum(s) van beheerdverklaring en op die huidige tydstip geregistreer is, en volle besonderhede van sy bestaande waterwerke verstrek moet word. Die opnamevorms is verkrygbaar van en moet, nadat dit ingevul is, teruggestuur word aan die Seksie-ingenieur, Departement van Waterwese, Privaatsak X9075, Kaapstad, 8000.

3. 'n Oewereienaar wat wil ontwikkel of sy bestaande besproeiingsontwikkeling wil uitbrei binne die perke van hierdie bepaling, moet skriftelik aansoek doen om die nodige onttrekkingspermit ingevolge artikel 62 (2) (a) (i) van die Waterwet, 1956, en moet sodanige aansoek tesame met die nodige ingevulde opnamevorm [Vorm DW 684 (a)] by voormelde Seksie-ingenieur indien. Onttrekkingspermitte ingevolge artikel 62 (2) (a) (i) uitgereik, is onderworpe aan die bepalings van artikel 62 (2)*bis* van gemelde Wet, waaraan mettertyd uitvoering gegee sal word.

4. Die beskikbare openbare water in die Staatswaterbeheergebied laat nie bykomende toekennings toe ten opsigte van onderverdelings van oewereiendomme wat ná die datum van beheerdverklaring ontstaan of ontstaan het nie. Die eienaars van sodanige onderverdelings kan egter deel in die watertoekennings wat ten opsigte van die oorspronklike eiendomme gemaak is. Wanneer 'n eienaar van so 'n onderverdeling om 'n permit aansoek doen, moet hy derhalwe bewys lewer van die waterregte wat hy saam met die grond bekom het, byvoorbeeld 'n gewaarmerkte ooreenkoms of koopbrief waarin die waterregte omskryf word.

5. Die aandag word gevestig op die bepalings van artikel 62 (2) (a) (ii) van die Wet, ingevolge waarvan niemand sonder 'n permit 'n waterwerk in die Staatswaterbeheergebied mag bou, verander of vergroot nie. Aansoekvorms in dié verband is ook verkrygbaar van voormelde Seksie-ingenieur en moet, nadat dit ingevul is, aan hom teruggestuur word.

A. J. RAUBENHEIMER, Minister van Waterwese.

No. 575 28 Maart 1980

BRANDRIVIER - STAAATSWATERBEHEERGEBIED, AFDELINGS LADISMITH EN RIVERSDAL, KAAPPROVINSIE. — BEPALING VAN GEBIEDE WAT BESPROEI KAN WORD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 63 (2) (a) van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), bepaal ek, Abraham Jacobus Raubenheimer, in my hoedanigheid van Minister van Waterwese, dat die maksimum omvang van grond wat deel uitmaak van enige stuk grond in die Brandrivier-staatswaterbeheergebied wat met water uit 'n Staatswaterwerk besproei kan word, die oppervlakte is wat deur middel van swaartekrag uit die tans bestaande vore besproei kan word en wat, na die mening van die Inlystingsraad deur my ingevolge artikel 64 (1) van genoemde Wet aangestel, geskik is vir die verbouing van gewasse onder besproeiing.

2. A permit for the abstraction and storage of the quantity of public water which each riparian owner used lawfully and beneficially for agricultural purposes during the period of 12 months preceding the date of publication of this notice, will be issued in terms of section 62 (1) (b) of the said Act on request and after submission of a completed survey form [Form DW 684 (a)] reflecting, *inter alia*, the full title deed description(s) of his property(ies), as registered on the date of the proclamation and at present, and full particulars of his existing water works. The survey forms are obtainable from and must upon completion be returned to the Circle Engineer, Department of Water Affairs, Private Bag X9075, Cape Town, 8000.

3. A riparian owner who wishes to develop or extend his existing irrigation development within the limits of this determination must apply in writing for the necessary abstraction permit in terms of section 62 (2) (a) (i) of the Water Act, 1956, and must submit such application together with the required completed survey form [Form DW 684 (a)] to the above-mentioned Circle Engineer. Abstraction permits issued in terms of section 62 (2) (a) (i) shall be subject to the provisions of section 62 (2)*bis* of the said Act, which will be applied in due course.

4. The available public water in the Government Water Control Area does not allow for additional allocations in respect of subdivisions of riparian properties which come/came into being after the date of proclamation. The owners of such subdivisions may, however, share in the water allocations made in respect of the original properties. When an owner of such a subdivision applies for a permit he must, therefore, furnish proof of the water rights he acquired together with the property, for example an attested agreement or deed of sale in which the water rights are described.

5. Attention is drawn to the provisions of section 62 (2) (a) (ii) of the Act, in terms of which no person may construct, alter or enlarge a water work in the control area without a permit. Application forms in this connection are also obtainable from the abovementioned Circle Engineer and must be returned to him upon completion.

A. J. RAUBENHEIMER, Minister of Water Affairs.

No. 575 28 March 1980

BRAND RIVER GOVERNMENT WATER CONTROL AREA, DIVISIONS OF LADISMITH AND RIVERSDALE, CAPE PROVINCE.—DETERMINATION OF AREAS WHICH MAY BE IRRIGATED

Under the powers vested in me by section 63 (2) (a) of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), I, Abraham Jacobus Raubenheimer, in my capacity as Minister of Water Affairs, determine that the maximum extent of land comprised in any piece of land in the Brand River Government Water Control Area which may be irrigated with water from a Government water work, is that area which can be irrigated under gravity from the furrows existing at present and which, in the opinion of the Scheduling Board appointed by me in terms of section 64 (1) of the said Act, is suitable for the cultivation of crops under irrigation.

Voorts bepaal ek, kragtens artikel 63 (2) (b) van genoemde Waterwet, dat 'n maksimum hoeveelheid van sesduisend eenhonderd (6 100) kubieke meter water (gelyk aan 'n toediening van 610 mm), indien dit beskikbaar is, jaarliks gebruik kan word vir die besproeiing van elke ingelyste hektaar grond.

No. 645 28 Maart 1980

OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE KRAGTENS DIE WATERWET, 1956

Kragtens die bevoegdhede my verleen deur artikel 165 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), dra ek, Abraham Jacobus Raubenheimer, in my hoedanigheid van Minister van Waterwese, hierby met ingang van 1 April 1980 die bevoegdhede soos hieronder beskryf oor aan die bekleërs en toekomstige bekleërs van die ondergenoemde poste in die Departement van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring en, tensy andersins aangedui, aan die genoemde bekleërs van poste senior daaraan in die administratiewe en vakkundige afdelings na gelang van die geval, maar in alle gevalle met insluiting van die pos van Direkteur-generaal.

Bevoegdheid	*Aan wie oorgedra*
Artikel 2 (*d*): *Goewermentskennisgewing* R. 92 *van* 18/1/80:	
Regulasie 15	
Die vasstelling van die basiese tarief vir boorwerk soos bedoel in die genoemde regulasie	Adjunk-direkteur-generaal.
Regulasie 22	
Die oplegging van spesiale voorwaardes met betrekking tot tariewe soos bedoel in die genoemde regulasie	Direkteur (Administratiewe Afdeling) en Besturende Ingenieur.
Regulasie 28	
Die vasstelling van 'n tarief ten opsigte van voering wat in 'n boorgat agtergelaat word soos bedoel in die genoemde regulasie	Direkteur (Administratiewe Afdeling) en Hoofingenieur.
Artikel 164: *Goewermentskennisgewing* R. 94 *van* 18/1/80:	
Regulasie 4	
Die aanname van 'n aansoek om 'n subsidie soos bedoel in die genoemde regulasie	Administratiewe Beampte.
Voorwaarde 7 (*ii*)	
Die aanvaarding van 'n waterwerk as bevredigend voltooid vir die doeleindes van 'n subsidie	Booringenieur, Boorinspekteur en poste senior daaraan in die Boorafdeling.

A. J. RAUBENHEIMER, Minister van Waterwese.

No. 644 28 Maart 1980

OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE INGEVOLGE DIE WATERWET, 1956

Kragtens die bevoegdhede my verleen by artikel 165 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), wysig ek, Abraham Jacobus Raubenheimer, in my hoedanigheid van Minister van Waterwese, met ingang van 1 April 1980 die oordrag van bevoegdhede soos gepubliseer by Goewermentskennisgewings 1311 van 30 Julie 1976, 1650 van 10 September 1976, 174 van 11 Februarie 1977, 280 van 25 Februarie 1977, 2061 van 7 Oktober 1977, 2069 van 7 Oktober 1977, 840 van 27 April 1979, 1525 van 13 Julie 1979, 2810 van 14 Desember 1979, 207 van 1 Februarie 1980 en 359 van 29 Februarie 1980 deur—

(1) alle verwysings na die Departement van Waterwese te vervang deur verwysings na die Departement van Waterwese, Bosbou en Omgewingsbewaring;

Furthermore I determine, in terms of section 63 (2) (b) of the said Water Act, that a maximum quantity of six thousand one hundred (6 100) cubic metres of water (equal to an application of 610 mm) may, if available, be used annually for the irrigation of each scheduled hectare of land,

No. 645 28 March 1980

DELEGATION OF POWERS UNDER THE WATER ACT, 1956

Under and by virtue of the powers vested in me by section 165 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), I, Abraham Jacobus Raubenheimer, in my capacity as Minister of Water Affairs, hereby delegate with effect from 1 April 1980, the powers described hereunder to the incumbents and future incumbents of the undermentioned posts in the Department of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation and, unless otherwise indicated, to the said incumbents of posts senior thereto in the administrative and professional division as the case may be, but always inclusive of the post of Director-General.

Power	*To whom delegated*
Section 2 (*d*): *Government Notice* R. 92 *of* 18/1/80:	
Regulation 15	
The fixing of the basic tariff for drilling as contemplated in the said regulation	Deputy Director-General.
Regulation 22	
The imposition of special conditions with reference to tariffs as contemplated in the said regulation	Director (Administratieve Division) and Managing Engineer.
Regulation 28	
The fixing of a tariff in respect of casing left in a borehole as contemplated in the said regulation	Director (Administrative Division) and Chief Engineer.
Section 164: *Government Notice* R. 94 *of* 18/1/80:	
Regulation 4	
The acceptance of an application for a subsidy as contemplated in the said regulation	Administrative Officer.
Condition 7 (*ii*)	
The acceptance of a water work as satisfactorily completed for the purposes of a subsidy	Boring Engineer, Boring Inspector and posts senior thereto Division.

A. J. RAUBENHEIMER, Minister of Water Affairs.

No. 644 28 March 1980

DELEGATION OF POWERS UNDER THE WATER ACT, 1956

Under and by virtue of the powers vested in me by section 165 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), I, Abraham Jacobus Raubenheimer, in my capacity as Minister of Water Affairs amend with effect from 1 April 1980, the delegation of authority as published under Government Notices 1311 of 30 July 1976, 1650 of 10 September 1976, 174 of 11 February 1977, 280 of 25 February 1977, 2061 of 7 October 1977, 2069 of 7 October 1977, 840 of 27 April 1979, 1525 of 13 July 1979, 2810 of 14 December 1979, 207 of 1 February 1980 and 359 of 29 February 1980 by—

(1) substituting all references to the Department of Water Affairs by references to the Department of Water Affairs, Forestry and Environmental Conservation;

(2) alle verwysings na die pos van Sekretaris te vervang deur verwysings na die poste van Direkteur-generaal en Adjunk-direkteur-generaal;

(3) alle verwysings na die pos van Adjunk-sekretaris te vervang deur verwysings na die poste van Hoofdirekteur: Administrasie, en Direkteur; en

(4) die invoeging van die pos van Adjunk-direkteur in alle gevalle van 'n oordrag van bevoegdhede aan 'n bekleër van die pos van Ondersekretaris.

A. J. RAUBENHEIMER, Minister van Waterwese.

(2) substituting all references to the post of Secretary by references to the posts of Director-General and Deputy Director-General;

(3) substituting all references to the post of Deputy Secretary by references to the posts of Chief Director: Administration, and Director; and

(4) the insertion of the post of Deputy Director in all instances of a delegation of powers to an incumbent of the post of Under Secretary.

A. J. RAUBENHEIMER, Minister of Water Affairs.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 220 VAN 1980

DIE DEPARTEMENT VAN GESONDHEID

DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

VERKIESINGSKENNISGEWING. — VERKIESING VAN LEDE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE GENEESKUNDIGE EN TANDHEELKUNDIGE RAAD

Hierby word ingevolge die bepalings van die regulasies betreffende die verkiesing van lede van die Raad kennis gegee dat 'n verkiesing gehou staan te word van tien geneeskundige en vier tandheelkundige lede van die Raad om te dien gedurende die tydperk wat op die 31ste dag van Julie 1985 verstryk.

Nominasies van verkiesbare geneeshere of tandartse word ingewag. Elke geregistreerde geneesheer of tandarts (a) wat nie met sy skuldeisers 'n akkoord aangegaan het nie, of wie se boedel nie gesekwestreer is nie, (b) wat nie kragtens die Wet onbevoeg is om sy beroep te beoefen nie, (c) wat 'n Suid-Afrikaanse burger is en in die Republiek (insluitende die gebied Suidwes-Afrika) woonagtig is, (d) wat nie 'n pasiënt is soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973, nie, (e) wat nie aan 'n misdryf skuldig bevind is ten opsigte waarvan hy gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete nie, is nomineerbaar.

Elke kandidaat moet op 'n afsonderlike nominasievorm genomineer word maar elkeen wat by die verkiesing stemgeregtig is, kan die nominasievorms van enige aantal kandidate teken, dog nie meer as die getal wat verkies moet word nie.

Elke nominasievorm moet die voorname en die van van die genomineerde kandidaat aangee en moet geteken wees deur twee geregistreerde geneeshere of tandartse. Die genomineerde persoon moet ook die vorm onderteken ter bekragtiging van sy instemming tot sy nominasie. Die geregistreerde adres van elkeen wat aldus teken, moet by sy handtekening gevoeg wees. As die genomineerde persoon nie in staat is om die nominasievorm te teken nie, kan hy die kiesbeampte per brief of telegram meedeel dat hy tot sy nominasie instem.

Elke nominasievorm moet die ondergetekende (van wie nominasievorms op aanvraag verkry kan word) voor of op 12h00 op 30 April 1980 by onderstaande adres bereik.

'n Deposito van R30 moet die nominasie vergesel.

GENERAL NOTICES

NOTICE 220 OF 1980

THE DEPARTMENT OF HEALTH

THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

NOTICE OF ELECTION.—ELECTION OF MEMBERS OF THE SOUTH AFRICAN MEDICAL AND DENTAL COUNCIL

Notice is hereby given in terms of the provisions of the regulations relating to the election of members of the Council that an election of ten medical and four dental members of the Council to serve during the period ending the 31st day of July 1985 is about to be held.

Nominations of eligible medical practitioners or dentists are awaited. Every registered medical practitioner or dentist (a) who has not entered into a composition with the creditors of his estate or whose estate has not been sequestrated, (b) who is not disqualified under the Act from practising his profession, (c) who is a South African citizen and is resident in the Republic (including the Territory of South-West Africa), (d) who is not a patient as defined in section 1 of the Mental Health Act, 1973, (e) who has not been convicted of an offence in respect whereof he was sentenced to imprisonment without the option of a fine, is eligible for nomination.

Each candidate must be nominated on a separate nomination form, but any person entitled to vote in the election may sign the nomination forms of any number of candidates, but not exceeding the number to be elected.

Each nomination form must state the first names and the surname of the candidate nominated and must be signed by two registered medical practitioners or dentists. The person nominated must also sign the form, confirming that he consents to his nomination. The registered address of each one so signing must be appended to his signature. If the person nominated is unable to sign the nomination form he may inform the returning officer by letter or telegram that he consents to his nomination. Every nomination form must reach the undersigned (from whom nomination forms may be obtained on application) at the address given below not later than 12h00 on 30 April 1980.

A deposit of R30 must accompany the nomination.

Elke nominasievorm ten opsigte waarvan een van hierdie bepalings nie nagekom is nie of wat nie teen voormelde datum by onderstaande adres ontvang is nie, is ongeldig.

N. M. PRINSLOO, Kiesbeampte.

Adres: Posbus 205, Pretoria, 0001, Oranje-Nassaugebou 6115, Schoemanstraat 188, Pretoria, 0002, 28 Maart 1980.

(28 Maart 1980)

Every nomination form in respect of which any of these provisions has not been complied with, or which is not received by the aforesaid date at the address given below, will be invalid.

N. M. PRINSLOO, Returning Officer.

Address: P.O. Box 205, Pretoria, 0001, 6115 Oranje-Nassau Buildings, 188 Schoeman Street, Pretoria, 0002, 28 March 1980.

(28 March 1980)

KENNISGEWING 223 VAN 1980

O.V.S.-GOUDVELDE-WATERRAAD.— WATERVERSKAFFINGSVERORDENINGE

Algemeen

1. Die funksies van die Raad word gereël deur die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, en hierdie Verordeninge is nie bedoel om enigsins strydig te wees met die bepalings van genoemde Wet of om hulle te vervang nie.

In hierdie Verordeninge beteken "Wet" die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), soos gewysig, tesame met enige regulasies daarkragtens uitgevaardig.

Aansoek om waterverskaffing

2.1 Alle aansoeke om die verskaffing van water moet op die wyse gedoen word wat van tyd tot tyd voorgeskryf word.

2.2 Indien en wanneer die aansoek om die verskaffing van water toegestaan is, moet die verbruiker die ooreenkomsvorm wat van tyd tot tyd voorgeskryf word, invul en onderteken, en dit, tesame met die nodige deposito soos in par. 5 hieronder uiteengesit, en die aansluitingsgeld soos van tyd tot tyd bepaal, aan die Raad besorg.

2.3 Verbruikers wat ingevolge die bepalings van hierdie Verordeninge by die Raad aansoek doen dat bestaande aansluitings aangeteken word, word van die betaling van genoemde aansluitingsgeld vrygestel.

2.4 Tensy 'n nuwe aansoek van 'n bestaande verbruiker binne 60 dae ná die datum van publikasie van hierdie Verordeninge ontvang word, word daar aanvaar dat die toevoer soos deur die Departement van Waterwese toegestaan, wel deur die Raad toegestaan is op die terme en voorwaardes hieronder uiteengesit, en dat genoemde aansluitingsgeld betaal is.

Reg om aansoek te weier

3.1 Die Raad behou hom die reg voor om enige aangevraagde hoeveelheid water te weier, of dit toe te staan onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad oplê.

3.2 Geen aansoek om verskaffing uit 'n pomphoofleiding word toegestaan indien 'n alternatiewe verskaffingspunt uit 'n swaartekragpypleiding beskikbaar is nie.

Ligging van aansluitings en meterinstallasies

4. Die Raad behou hom die reg voor om die aansluitingspunt en die ligging van die meter wat geïnstalleer moet word, te bepaal.

Deposito's

5.1 Indien die Raad dit vereis, deponeer 'n verbruiker 'n bedrag geld by die Raad, wat nie groter is nie as dié wat voldoende is om die koste te dek van die maksimum hoeveelheid water, soos deur die Raad bepaal, wat sodanige verbruiker waarskynlik gedurende enige drie opeenvolgende maande sal gebruik.

NOTICE 223 OF 1980

O.F.S. GOLDFIELDS WATER BOARD.— WATER SUPPLY BY-LAWS

General

1. The functions of the Board are governed by the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, and these By-laws are not intended in any way to conflict with or to supersede the provisions of the said Act.

In these By-laws "Act" shall mean the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), as amended, together with any regulations promulgated thereunder.

Application for supply of water

2.1 All applications for the supply of water shall be made in the form prescribed from time to time.

2.2 If and when the application for the supply of water is granted, the consumer shall complete and sign the form of agreement prescribed from time to time and return it, together with the necessary deposit, as set out in paragraph 5 below, and such connection fee as may be determined from time to time, to the Board.

2.3 Consumers who apply to the Board in terms of these By-laws for existing connections to be recorded, will be exempt from payment of the said connection fee.

2.4 Unless a new application is received from an existing consumer within 60 days of the publication of these By-laws, the supply granted to the consumer by the Department of Water Affairs shall be deemed to have been granted by the Board on the terms and conditions set out below and the said connection fee shall be deemed to have been paid.

Right to refuse application

3.1 The Board reserves the right to refuse any quantity of water applied for, or to grant such application subject to such conditions as it may impose.

3.2 No application for a supply from a pumping main will be granted if an alternative point of supply from a gravity pipeline is available.

Location of connections and meter installations

4. The Board reserves the right to determine the point of connection and location of the meter to be installed.

Deposits

5.1 If so required by the Board, a consumer shall deposit with the Board a sum of money not greater than that which shall be sufficient to cover the cost of the maximum quantity of water, as determined by the Board, which such consumer is likely to use during any three consecutive months.

5.2 Indien die Raad die deposito later onvoldoende ag, kan die Raad die verbruiker versoek om sodanige verdere som te deponeer as wat nodig mag wees, mits die totaal van alle deposito's nie die beperking in 5.1 hierbo gestel, te bowe gaan nie. Sodanige addisionele deposito moet gestort word binne 14 dae ná die datum van die kennisgewing waarby sodanige addisionele deposito vereis word.

5.3 Enige deposito wat ingevolge die voorafgaande paragrawe gestort is, word terugbetaal wanneer enige persoon of onderneming ophou om 'n verbruiker te wees: Met dien verstande dat die Raad enige som geld wat die verbruiker aan die Raad verskuldig is op die datum waarop hy ophou om 'n verbruiker te wees, van sodanige deposito kan aftrek.

Aantal aansluitings

6. Sonder die skriftelike toestemming van die Raad word geen perseel deur die Raad van water voorsien deur meer as een aftappunt of verbruikerspyp wat by die hoofleiding aangesluit is nie.

Raad se verantwoordelikhede

7. Die Raad is nie verantwoordelik vir enige skade aan persone of eiendom of verlies van produksie van enige nywerheids- of kommersiële proses of inkomste of winste as gevolg daarvan, wat voortspruit uit enige beskadiging van 'n verbruiker se meterinstallasies of uit enige skommeling in, onderbreking van, oormaat van of gebrek aan druk of uit die hoeveelheid water in die Raad se hoofleidings of reservoirs of in pype, aftappunte of toebehore wat deur 'n verbruiker gemaak, aangelê of geïnstalleer is nie.

Beperking van toevoer

8. Die Raad kan die toevoer van water te eniger tyd beperk tot sodanige ure en tot sodanige hoeveelhede as waarop hy besluit, en is geregtig om voorkeur te gee aan dié verbruikers wat water nodig het vir die redelike instandhouding van die openbare gesondheid, en kan die gebruik van water vir enige ander doel verbied.

Gehalte van water

9. Die Raad verskaf water ooreenkomstig die bepalings van die Wet. Alle redelike stappe word deur die Raad gedoen om te voldoen aan enige gehaltestandaard wat deur die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde bepaal word.

Aansluitings en meters

10.1 By ontvangs van die inligting wat ingevolge paragraaf 2.1 hierbo verstrek moet word, word die grootte van die aansluiting en meterinstallasie vir enige verbruiker deur die Raad bepaal.

10.2 Die aanvanklike installering van 'n permanente aansluiting en/of meterinstallasie, tesame met enige pype of toebehore wat nodig is tot by die grens van die Raad se serwituutstrook, word deur die Raad op koste van die Raad onderneem.

10.3 Indien dit daarna nodig word, hetsy op versoek van die verbruiker of vanweë foutiewe inligting deur hom verstrek, om die grootte van die aansluiting en/of meterinstallasie te verander, kan die Raad vereis dat die verbruiker die volle of 'n deel van die koste van sodanige verandering dra.

10.4 Alle aansluitings en meterinstallasies bly die eiendom van die Raad.

5.2 If the deposit is subsequently deemed by the Board to be insufficient, the Board may call upon the consumer to deposit such further sum as may be required, provided the total of all deposits does not exceed the limit laid down in 5.1 above. Such additional deposit shall be lodged within 14 days of the date of the notice requiring such additional deposit to be made.

5.3 Any deposit lodged in terms of the preceding paragraphs shall be refunded when a person or concern ceases to be a consumer: Provided that the Board may deduct from such deposit any amount of money due by the consumer to the Board on the date he ceases to be a consumer.

Number of connections

6. No premises shall be supplied with water by the Board through more than one offtake or service pipe connected to the main, except with the written consent of the board.

Board's responsibilities

7. The Board shall not be responsible for any damage to persons or property or loss of production from any industrial or commercial process or income or profits resulting therefrom arising from any damage to a consumer's meter installations or from any variation, interruption, excess or lack of pressure or quantity of water in the Board's mains or reservoirs, or in pipes, offtakes or fittings constructed, laid or installed by any consumer.

Restriction of supply

8. The Board may, at any time, restrict the supply of water to such hours and such quantities as it may decide upon and shall be entitled to give preference to those consumers who require water for the reasonable preservation of public health and may prohibit the use of water for any other purpose.

Quality of water

9. The Board shall supply water in accordance with the provisions of the Act. All reasonable steps shall be taken by the Board to comply with any standard of quality which may be laid down by the South African Bureau of Standards.

Connections and meters

10.1 The size of the connection and meter installation for any consumer shall be determined by the Board upon receipt of the information called for in terms of the above-mentioned paragraph 2.1.

10.2 An initial permanent connection and/or meter installation, together with any piping or fittings required, up to the boundary of the Board's servitude strip, shall be undertaken by the Board at the cost of the Board.

10.3 Should it subsequently become necessary, either at the request of the consumer or owing to erroneous information given by him, to change the size of the connection and/or meter installation, the Board may require that the whole or part of the cost of such alteration be borne by the consumer.

10.4 All connections and meter installations shall remain the property of the Board.

Sluis- en afsluitkleppe

11.1 Alle pype of ander toerusting wat nodig is om water te voer vanaf die eindpunt van die Raad se aansluiting na die punt waar die verbruiker verlang om dit te gebruik, word deur die verbruiker op eie koste verskaf en aangebou.

11.2 Die verbruiker se toevoerpypleiding moet met 'n sluis- of afsluitklep op 'n punt redelik na aan die aansluiting toegerus word.

11.3 Die verbruiker mag nie 'n aanjaagpomp of enige drukversterkingstelsel installeer wat water direk uit die Raad se leweringstelsel suig nie.

11.4 By die eindpunt van sy toevoerpypleiding of by sodanige punt as waarop met die Raad ooreengekom word, moet die verbruiker, tensy skriftelik deur die Raad daarvan vrygestel, 'n reservoir aanbou met 'n opgaarvermoë gelykstaande met nie minder nie as 48 (agt-en-veertig) uur se toevoer teen die maksimum leweringstempo, waarin die water deur die Raad verskaf, gelewer moet word.

11.5 Geen water word verskaf voordat die verbruiker se installasies tot bevrediging van die Raad voltooi is nie. Die toevoer van water sal afgesluit word, tensy genoemde installasies tot bevrediging van die Raad onderhou word.

11.6 Die Raad behou hom die reg voor om die toevoerwater na 'n bestaande of tydelike installasie wat nie behoorlik voltooi is of nie tot bevrediging van die Raad in stand gehou word nie, te staak nadat die Raad skriftelike kennisgewing aan die verbruiker gegee het van die gebreke wat reggestel moet word en die datum waarop sulke gebreke in orde gebring moet wees.

Staking van toevoer

12. Indien enige verbruiker ophou om 'n verbruiker te wees of indien staking van die lewering versoek is, word die koste van die verwydering, aftakeling, sloping en verseëling van enige aansluiting wat vir die lewering van water aan die verbruiker gebruik is, deur die verbruiker betaal, indien die Raad dit vereis.

Ander watervoorrade

13. Geen reservoir, aftappunt, pyp of apparaat wat deur die Raad bedryf word vir die opgaar of verskaffing van water, mag sonder die Raad se skriftelike toestemming regstreeks met enige ander waterverskaffingstelsel verbind word nie.

Besoedeling van watervoorraad

14. Binne die verbruiker se eie retikulasie- en verspreidingsnetwerk vir water deur die Raad verskaf, mag daar geen regstreekse verbinding met enige spoellatrine, urinaal, opwasbak of enige ander bron van moontlike besoedeling wees nie, behalwe deur middel van 'n vloeionderbrekingstenk. Geen regstreekse verbinding met stoomketels word toegelaat nie.

Reparasies en onderhoud

15.1 Die Raad kan vereis dat die verbruiker die koste betaal van alle reparasies aan aansluitings en/of meteringstallasies wat veroorsaak word deur brand, die weer, insakkings of ongelukke van watter aard ook al.

15.2 Die Raad is aanspreeklik vir die koste van die onderhoud en herstel van aansluitings en meterinstallasies wat as gevolg van slytasie deur normale gebruik nodig word.

Die toets van meters

16.1 Die Raad behou hom die reg voor om te eniger tyd die meter in die toevoerpyp na enige verbruiker te toets.

Sluice valves and stopcocks

11.1 Any piping or other work necessary to carry water from the end supply point of the board's connection to the point where the consumer desires to use the water, shall be supplied and constructed by the consumer at his own expense.

11.2 The consumer's supply pipe shall include a sluice valve or stopcock at a point reasonably close to the connection.

11.3 The consumer may not install a booster pump or any boosting system which draws water directly from the Board's supply system.

11.4 At the end of his supply pipe or at such point as may be agreed to in consultation with the Board, the consumer shall, unless exempted therefrom by the Board, in writing construct at his own cost a reservoir with a storage capacity not less than 48 (forty-eight) hours supply at his maximum draw-off rate, into which the water supplied by the Board is to be delivered.

11.5 No water shall be supplied until the consumer's installations have been completed to the satisfaction of the Board. The supply of water will be discontinued unless the said installations are maintained to the satisfaction of the Board.

11.6 The Board reserves the right to discontinue a water supply to an existing or temporary installation which has not been properly completed or is not maintained to the satisfaction of the Board after the Board has given notice to the consumer in writing, stating the defects to be rectified and the date by which such defects are to be rectified.

Discontinuation of supply

12. Should any consumer cease to be a consumer or request the discontinuation of a supply at any point, the cost of removing, dismantling, demolishing and sealing any connection which has been used for supply to the consumer shall, if the Board so requires, be paid by the consumer.

Other water supplies

13. No reservoir, offtake, pipe or apparatus for storing or supplying water, operated by the Board, shall be directly connected to any other water supply system without the written permission of the Board.

Pollution of water supplies

14. Within the consumer's own reticulation and distribution system for water supplied by the Board, there shall be no direct connection to any water closet, urinal, sink or any other source of possible pollution, except through a disconnection cistern. No direct connection to boilers shall be permitted.

Repairs and maintenance

15.1 The Board may require the consumer to pay the cost of all repairs to connections and/or meter installations resulting from fire, weather, subsidences or accidents of any nature whatsoever.

15.2 The Board shall be responsible for the cost of the maintenance and repair of connections and meter installations caused by normal wear and tear.

Testing of meters

16.1 The Board reserves the right to test the meter in the supply pipe to any consumer at any time.

16.2 Op versoek van die verbruiker moet die meter deur die Raad getoets word, en indien gedurende sodanige toets bevind word dat daar 'n fout van minder as 5% (vyf persent) ten gunste van die Raad aanwesig is, word die koste van sodanige toets op die verbruiker verhaal teen die tarief van tyd tot tyd afgekondig.

Foutiewe registrasie

17.1 Indien bevind word dat 'n meter meer as 3% (drie persent) verkeerd registreer, word die koste van die hoeveelheid water ten opsigte van die tydperk wat die meter na die mening van die Raad defek was, bereken op die grondslag van die gemiddelde verbruik gedurende die voorafgaande ses maande of die tydperk sedert installering, wat ook al die kortste tydperk is, of op enige ander grondslag wat die Raad bepaal.

17.2 Die Raad kan, ná kennisgewing van 24 (vier-en-twintig) uur aan die verbruiker van sodanige voorneme, 'n meter te eniger tyd vir enige doel verwyder. Indien die verwydering van 'n meter die toevoer van water vir meer as 12 (twaalf) uur onderbreek, sal die Raad, indien daartoe deur die verbruiker versoek, 'n ander meter installeer of die toevoer sonder 'n meter vir die tydperk wat die meter buite werking is, herstel, en in sodanige geval is die bepalings van paragraaf 17.1 in verband met die vasstelling van die hoeveelheid water gebruik, van toepassing.

Reg van toegang

18. Ná reëling met die Raad kan aan 'n verbruiker, indien vergesel van 'n amptenaar van die Raad, toegang verleen word tot 'n geslote meter wat sy toevoer registreer. Die Raad erken egter die verbruiker se reg om 'n beheermeter op sy toevoerpyp te installeer, maar die registrasie van hierdie meter vervang geensins die registrasie van die Raad se meter nie.

Bemoeiing met Raad se installasies

19. Verbruikers mag geensins torring aan of die meters, kleppe of toebehore wat deur die Raad vir sy diens aangebring is, oopmaak, ontkoppel of omloop nie.

Dwarsboming van amptenare

20. Niemand mag 'n behoorlik gemagtigde amptenaar van die Raad in die uitvoering van sy pligte hinder of dwarsboom nie.

Druk in pypleiding

21. Behoudens die bepalings van hierdie Verordeninge betreffende die beheer, verspreiding, onderbreking en ontoereikendheid van die toevoer van water, onderneem die Raad nie om 'n ander druk in sy pypleiding in stand te hou as dié wat nodig is om die water wat vir gebruik deur 'n verbruiker beskikbaar is, deur die geïnstalleerde meter te laat vloei onder omstandighede wat die onbelemmerde uitvloei van die water aan die verbruiker se kant van die geïnstalleerde meter moontlik maak.

Kennisgewing van staking van verskaffing

22. Enige verbruiker wat verlang dat die Raad die verskaffing van water aan hom moet staak, gee aan die Raad minstens een kalendermaand skriftelik daarvan kennis.

Aflesings van die meterstand

23. Meteraflesings geskied sover doenlik op die 25ste dag van elke kalendermaand. Spesiale meteraflesings kan op versoek van die verbruiker onderneem word teen betaling van die gelde wat van tyd tot tyd voorgeskryf word.

16.2 At the request of the consumer, the meter shall be tested by the Board and, should it be found during such test that an error of less than 5% (five per cent) in favour of the Board is present, the cost of such test shall be recovered from the consumer at the tariff of charges as published from time to time.

Incorrect registration

17.1 When any meter is found to be registering incorrectly by more than 3% (three per cent), the cost of the quantity of water to be charged for over the period during which the Board deems the meter to have been out of order shall be based on the average consumption for the previous six months or the period since installation, whichever is the shorter period, or on any other basis on which the Board may decide.

17.2 The Board may, upon giving 24 (twenty-four) hours notice to the consumer of such intention, remove a meter at any time for any purpose. If the removal of a meter interrupts the supply of water for more than 12 (twelve) hours the Board shall, if required to do so by the consumer, install another meter or reinstate the supply without a meter for the period during which the meter is inoperative, in which event the provisions of paragraph 17.1 shall apply in regard to the determination of the quantity of water consumed.

Right of access

18. By arrangement with the Board, a consumer may, if accompanied by an official of the Board, be permitted access to any locked meter registering his supply. The Board recognises the consumer's right to install a check meter on his supply pipe, however, but the registration of his meter shall in no way override the registration of the Board's meter.

Interference with Board's installations

19. Consumers shall in no way interfere with, open up, disconnect or by-pass any meters, valves or accessories affixed by the Board for its service.

Obstruction of officials

20. No person shall obstruct or interfere with any duly authorised official of the Board engaged in the performance of his duties.

Pressure in pipelines

21. Subject to the provisions of these By-laws relating to the control, distribution, interruption and deficiency of the supply of water, the Board shall not undertake to maintain pressure in its pipelines other than such pressure as may be necessary to cause the water available for the use of any consumer to flow through the meter installation under conditions which permit the unrestricted discharge of the water on the consumer's side of the meter installation.

Notice of discontinuation of supply

22. Any consumer desiring the Board to discontinue the supply of water to him, shall give at least one calendar month's notice thereof in writing to the Board.

Meter readings

23. Meter readings shall, as far as practicable, be carried out on the 25th day of each calendar month. Special meter readings may be carried out at the request of a consumer upon payment of the fees prescribed from time to time.

Betaling van rekenings

24.1 Rekenings vir water verbruik, word op meterafl esings gebaseer of op sulke ramings deur die Raad kragtens paragrawe 17 en 23 hierbo bepaal, en teen sodanige tariewe en minimum vorderings deur die Raad neergelê in die tariewe wat van tyd tot tyd afgekondig word.

24.2 Alle gelde aan die Raad verskuldig, is binne 30 (dertig) dae ná die datum waarop die rekening gestuur is, by die Raad se kantoor betaalbaar. Ná verstryking van die bogenoemde tydperk van 30 (dertig) dae sal die Raad rente op enige uitstaande saldo's hef teen die koerse van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

Verskaffing aan derde partye

25. Sonder die skriftelike goedkeuring van die Raad mag geen verbruiker water wat hy van die Raad gekoop het, aan enige ander persoon verkoop of lewer nie.

Ontkoppeling weens wanbetaling

26. Die Raad kan sonder kennisgewing die toevoer aan enige verbruiker wie se skuld aan die Raad groter is as die bedrag van die deposito wat ingevolge paragraaf 5.1 en 5.2 van hierdie Verordeninge gestort is, beëindig. Die voorgeskrewe ontkoppeling- en heraansluitingsgelde van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, is verskuldig aan die Raad en is deur die Raad op die verbruiker verhaalbaar.

(9/1/10/10)

(28 Maart 1980)

Payment of accounts

24.1 Accounts for water consumed shall be based on meter readings or on such assessments as may be made by the Board in terms of paragraphs 17 and 23 above and at such tariffs and minimum charges as are laid down by the Board in the tariff of charges as published from time to time.

24.2 All moneys due to the Board shall be payable to the Board at its office within 30 (thirty) days of rendition of the statement of account. Upon expiration of the above-mentioned 30 (thirty) day period, the Board shall charge interest on any outstanding balances at the rates determined by the Board from time to time.

Supply to third parties

25. No consumer shall, without the written consent of the Board, sell or supply any water purchased by him from the Board to any other person.

Disconnection for non-payment

26. The Board may, without notice, discontinue the supply to any consumer whose indebtedness to the Board exceeds the amount of the deposit made under paragraphs 5.1 and 5.2 of these By-laws. The prescribed fees for disconnection and reconnection laid down by the Board and published from time to time, shall be due to and recoverable by the Board from the consumer.

(9/1/10/10)

(28 March 1980)

KENNISGEWING 226 VAN 1980

DEPARTEMENT VAN BOSBOU EN OMGEWINGSBEWARING

HOUTGRADERING

Kragtens die bevoegdheid aan my gedelegeer deur die Minister van Bosbou en Omgewingsbewaring ingevolge artikel 3 (1) van die Boswet, 1968 (Wet 72 van 1968), om die bevoegdheid wat by artikel 10 van genoemde Wet aan hom verleen is, namens hom uit te oefen, word hierby bekendgemaak dat ek voornemens is om 'n kennisgewing uit te vaardig soos in die Aanhangsel hiervan uiteengesit.

Alle belanghebbendes wat besware teen die voorgestelde kennisgewing het, word versoek om sodanige besware skriftelik by die Sekretaris van Bosbou en Omgewingsbewaring, Privaatsak X93, Pretoria, 0001, binne dertig (30) dae vanaf die datum van publikasie hiervan in te dien.

A. E. SONNTAG, Sekretaris van Bosbou en Omgewingsbewaring.

AANHANGSEL

Goewermentskennisgewing 651 van 30 Maart 1979 word hierby soos volg gewysig:

1. Vervang die datum "1 April 1980" in paragraaf 8 deur die datum "1 Augustus 1980".

(28 Maart 1980)

NOTICE 226 OF 1980

DEPARTMENT OF FORESTRY AND ENVIRONMENTAL CONSERVATION

TIMBER GRADING

Under the powers delegated to me by the Minister of Forestry and Environmental Conservation in terms of section 3 (1) of the Forest Act, 1968 (Act 72 of 1968), to exercise on his behalf the powers conferred on him by section 10 of the said Act, it is hereby notified that I propose to issue a notice as set out in the Appendix hereto.

